



Fasiliteite:
Wat huurders
moet weet



Langeberg-
matrieks
gelukgewens



Burgemeester
kuier by
104-jarige

MAART 2012

UITGAWE 8:

Die jaar se finansies

MET die aankondiging van die konsepbegroting vir die 2012-2013-boekjaar, het die uitvoerende burgemeester van die Langeberg Munisipaliteit, **raadsheer Diana Gagiano**, hierdie boodskap gelewer:

Dit is my voorreg om die begroting by hierdie vergadering voor te lê.

Die begroting wat ter tafel gelê sal word, sal die eerste begroting wees wat deur die nuutverkose raad opgestel is en dit is belangrik dat hierdie begroting en die dienslewering- en begrotingsplanne gerig word tot voordeel van die dieselfde gemeenskap wat die raadslede verkies het.

Dit is algemeen bekend dat die Langeberg Munisipaliteit een van die topmunisipaliteite in die Wes-Kaap en Suid-Afrika is en dit is my strewe om die munisipaliteit tot hoër hoogtes te lei.

Dit gaan nie goed in terme van finansiële volhoubaarheid nie. As gevolg van verhogings in elektrisiteit, kospryse, petrol, eiendomsbelasting, salarisse en dag-tot-dag uitgawes van die munisipaliteit, is dit onafwendbaar dat verbruikersrekeninge op dieselfde wyse geaffekteer sal word. Dit veroorsaak groot kommer.

Saam sal ons oplossings moet soek om hierdie uitdaging die hoof te bied en om munisipale dienste bekostigbaar te hou en moeilike besluite sal derhalwe geneem moet word.

Die 2012-2013-begroting is voorberei onder uitdagende omstandighede en dit het harde werk en kreatiwiteit geveer om die begroting te kon balanseer.

Hoewel die munisipaliteit nie 'n winsgewende organisasie is nie, moet dit steeds as 'n lopende saak bedryf word; gevolglik kan daar nie nagelaat word om die kostes van dienslewering te verhoog nie.



Raadsheer Diana Gagiano, uitvoerende burgemeester van die Langeberg Munisipaliteit.

Vir armes sal daar voortgegaan word met die voorsiening van behuising, toekenning van deernissubsidie en maatskaplike hulp aan ouer mense.

Ten einde werkskepping te bevorder, maak die begroting voorsiening vir skoonmaakprojekte asook die Uitgebreide

Openbare Werkeprogram, wat fokus op die skoonmaak van ons dorpsgebiede.

Die begroting fokus dus op die skepping van 'n omgewing wat nuwe werksgeleenthede sal aanmoedig.

Ons is verbind tot die visie van "Creating a stable living environment and sustainable living conditions for all citizens" en sal alles binne ons vermoë doen om dit te laat realiseer. Die hulpbronne is beperk terwyl die behoeftes geen einde het nie.

Behoeftes word dus deurentyd geprioritiseer en daar word geglo dat daar stapsgewys en doelgerig stappe geneem moet word om ons doelwitte te bereik.

Ten einde behoorlike openbare deelname te verseker, sal wyksraadslede tesame met die wykskomitees die konsep-Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begroting nagaan en skriftelik kommentaar daarop lewer.

'n Advertensie sal in plaaslike koerante geplaas word om die publiek in te lig dat afskrifte van die begrotingsdokumente beskikbaar gemaak word aan wykskomitees, by biblioteke, munisipale kantore en ook op die munisipale webblad geplaas word.

'n Sessie sal ook in die Robertson Stadsaal gereël word met georganiseerde besigheid, landbou en alle nie-regeringsorganisasies om die konsep-GOP, begroting en relevante beleide te bespreek.

Die openbare deelnameproses sal van 28 Maart tot 30 April plaasvind.

Ter afsluiting kan ek dit onomwonde stel dat die voorgestelde 2012-2013-multjaarbegroting uitvoering sal gee aan die strategiese doelwitte wat vir die Langeberg Munisipaliteit gestel is.

Opsomming van die begroting

Hiermee 'n opsomming van die 2012-2013-begroting:
Die inkomste en uitgawes vir die mediumtermyn:

KONSEPBEGROTING IN RAND			
	2012-2013	2013-2014	2014-2015
Inkomste	454 265 850	500 460 630	549 649 590
Uitgawes	436 792 660	481 630 240	532 427 760
Bruto surplus	17 473 190	18 830 390	17 221 830
Kapitaal	49 468 281	53 157 474	43 027 719

Die begrote operasionele surplus is 'n gevolg van die voorwaardelike kapitale toekennings wat as inkomste aangetoon word.

Kernelemente van die operasionele begroting:

Toerisme/bemarking	R837 880
Deernissubsidietoekenning	R23,499 m
Menslike vestiging-toekenning	R14,267 m
Geproklameerde paaie-onderhoud	R187 000
Armoedeverligtingsprojekte	R2,753 m

Ondersteuning vanaf die provinsiale en nasionale regering:

Die munisipaliteit sal 'n bedrag van R 75,83 miljoen ontvang as 'n operasionele toekenning en R 21,876 miljoen in die vorm van kapitale toekennings vanaf die nasionale en provinsiale regering.

Kernelemente van die kapitale begroting:

Opgradering waterwerke: Ashton	R3,68 m
Oorlaastasie: Montagu	R2,883 m
Grootmaatwater: McGregor	R2,169 m
Opgradering rioolwerke	R11,990 m
Biblioteek: Nkqubela	R1,754 m
Herseël van strate	R3 m



LANGE BERG
 MUNISIPALITEIT | MUNICIPALITY | MASIPALA

Emergency & Customer Call Centre
0860 88 11 11

INPUT
 Our communication with you would be incomplete without hearing from you, whether it is criticism or encouragement.
 Your feedback is therefore of paramount importance to us, as it completes the elements in the communication process which are the Sender, Message, Medium, Receiver and Feedback.
 Please address your comments or suggestions to spothumus@langeberg.gov.za or to S. Posthumus, Private Bag X2, Ashton, 6715.




INSAE
 U terugvoering m.b.t die Nuusbrief is van kardinale belang vir ons, omdat dit die elemente van die kommunikasie proses voltooi wat insluit die sender, boodskap, medium, ontvanger en terug.
 U word versoek om in die toekoms asseblief u kommentaar of voorstelle deur te gee aan spothumus@langeberg.gov.za of aan S Posthumus, Privaatsak X2, Ashton, 6715.

Created by


LANGE BERG
 MUNISIPALITEIT | MUNICIPALITY | MASIPALA
 Private Bag X2, ASHTON, 6715, Tel:023 615 8000

Voorgestelde tariefverhogings

Tarief	Persentasie verhoging
Eiendomsbelastings	6 - 7.5%
Water	8 %
Vullisverwydering	8 %
Riolering	8 %
Elektrisiteit	11.0%
Bloktariewe	1.54 – 15.56%
Gemeenskapsale	10 %
Ander fooie en heffings	Tot 10 %



Apply for indigent subsidies

RE-APPLICATION FOR INDIGENT SUBSIDY FOR A THREE-YEAR PERIOD, STARTING JULY 2012

Please take note that all indigent subsidies will expire on 30 June 2012. New applications need to be made and will be implemented on 1 July 2012. Application forms are available from all municipal offices.

The Municipality will also be assisting applicants to submit applications at the venues and dates as indicated below, from 08:00 to 16:30.

Should you require any further information regarding these applications, please contact Ms S. Deutschen on 023 615 8000.

HERAANSOEK VIR DEERNISSUBSIDIE VIR DRIE JAAR VANAF 1 JULIE 2012

Neem asseblief kennis dat goedgekeurde deernis-subsidies verstryk op 30 Junie 2012.

U word versoek om heraanzoek te doen vir subsidies wat op 1 Julie 2012 geïmplementeer sal word. Aansoekvorms is beskikbaar by alle munisipale kantore.

Die munisipaliteit sal ook aansoekers ondersteun in die voltooiing van aansoeke op die onderstaande datums vanaf 08:00 tot 16:30.

Vir enige verdere inligting kan me. S. Deutschen gebel word by 023 615 8000.

UHLAZIYO LWEZICELO ZONCEDISO LWENKOZO (INDIGENT SUBSIDY) LWEMINYAKA EMITHATHU OKUSUSELA KUJULAYI 2012

Nceda uqaphele okokuba izicelo zokuncedwa zikamasipala (indigent subsidy) ziyaphelelwa nge 30 juni 2012. Umasipala ufuna uqaphele okokuba uza uzakuncedisa ukugcwalisa amaxwebhu kidolophu ezahlukeneyo ngo matshi/ April 2012 Imihla ekhethiweyo niyakwaziswa ukusukela 08h:00 to 16h:30.

Xa ufuna iinkcukacha ezizezinye ngokukhankanywe ngentla, nceda uqhagamshelane no-Nksz S Deutschen kulenombolo yomnxeba: 023 615 8000.

TOWN / DORP	VENUE / LOKAAL	DATE / DATUM
Ashbury	Kabouterland	10 April 2012
Montagu	Community Hall / Gemeenskapsaal	11 April 2012
Bonnievale	Library / Biblioteek	12 April 2012
Bonnievale	Library / Biblioteek	13 April 2012

Who qualifies for the indigent subsidy?

- Households with a joint gross income of all persons residing on these premises not exceeding R3 000 per month.
- Someone who is the owner of the property, or the account holder of the municipal account (i.e. the account must be in the name of the applicant).
- Someone owning not more than one property.

Documentation needed:

- Copies of Identification Documents (ID) and birth certificates for everyone staying on the property.
- Proof of income for everyone staying on the property, i.e. pay slips, bank statements or affidavits for unemployed and self-employed.
- Latest municipal account.

Wie kwalifiseer vir deernissubsidies?

- Die gesamentlike bruto inkomste van alle persone wat op die perseel woon sal nie R3 000 per maand oorskry nie.
- Aansoekers moet die eienaar van die eiendom wees of 'n maandeliks munisipale rekening vanaf die raad ontvang.
- Geeneen in die betrokke huishouding mag oor enige ander woning en/of vaste bate beskik nie.

Die volgende dokumente moet saamgebring word:

- Afskrif van identiteitsdokumente en geboortesertifikate van alle persone wat op die perseel woon.
- Bewyse van inkomste van alle persone op die perseel, insluitend All Pay-strokies en salarisstrokies, bank- en pensioenstate, ens.
- Jongste munisipale rekening.

Imiqathango eza kulandelwa

- Ingeniso yabo bahlala kulo ndlu kufuneka ingadluli kwiR3000 ngenyanga
- Umenzi sicelo kufuneka abengumntu ofumana i-akhawunti esuka kwibhunga ngenyanga yaye
- kufunekaube nomzi okanye isakhiwo esinye.

Amxwebhu afunekayo

- Ikopi ye-ID kunye nezatifikayiti zabantwana abahlala nawe
- Iziqinisekiso zengeniso yabo bonke abantu abahlala apho iPAY SLIP iphepha lase bhankini elichaza ukuba wamkela malini
- I-akhawunti entsha ka masipala.



Have your (budget) say

The draft municipal budget, Integrated Development Plan and determination of tariffs for the 2012/2013 financial year were submitted to Council on 28 March 2012 and is now open for public comment.

These documents are available at municipal offices and libraries. The abovementioned documents are also

Die munisipale konsepbegroting, Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en tariefvasstelling vir die 2012-2013-finansiële jaar is op 28 Maart 2012 aan die raad voorgelê. Hierdie dokumente lê tans ter insae by alle munisipale kantore en biblioteke in die Langeberg munisipale area.

Die bogenoemde dokumente is ook elektronies

available electronically on the municipality's website: www.langeberg.gov.za.

Written comments on the above documents may be submitted to the Municipal Manager until 30 April 2012. Comments must be clearly marked: BUDGET 2012/2013. Comments received after the closing time will not be

beskikbaar op die munisipaliteit se webwerf: www.langeberg.gov.za.

Skriftelike kommentaar op die bogenoemde dokumente kan by die munisipale bestuurder ingedien word tot 30 April 2012. Kommentaar moet duidelik gemerk word: BEGROTING 2012/2013. Kommentaar wat ná die datum

considered. For more information, please contact Mr C.F. Hoffmann on 023 615 8000.

After inputs are received from the various stakeholders, the budget will be re-submitted to Council for approval. After the approval of Council is obtained, the budget will be implemented on 1 July 2012.

ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Vir verdere navrae, bel mnr. C.F. Hoffmann by 023 615 8000.

Nadat insette van die verskeie rolspelers ontvang en oorweeg is, sal die begroting weer aan die raad voorgelê word vir goedkeuring. Nadat goedkeuring verkry is, sal die begroting op 1 Julie 2012 in werking tree.

Wat jy moet weet voor jy huur

DIE munisipaliteit beklemtoon graag huurvoorwaardes van munisipale fasiliteite om dienslewering te verbeter en ongelukkigheid onder inwoners te verhoed.

Geen bespreking sal oorweeg of toegeken word voor die voltooië aansoekvorm en voorgeskrewe bedrag of deposito ontvang is nie. Besprekings moet binne 48 uur (twee dae) opgevolg word met die betaling en voltooië aansoekvorm.

Vir sportbyeenkomste soos rugby en krieket is dit van kardinale belang dat die werknemers van die raad twee dae voor die tyd weet of daar 'n geldige bespreking is. Hoewel die huurvoorwaardes 48 uur vereis, is dit veral belangrik by krieket dat die blad spesiale aandag kry. Klubs en skole word versoek om minstens 'n week voor die tyd hul bespreking te bevestig. Dieselfde geld vir skole se atletiekbyeenkomste.

Besprekings moet 48 uur voor die tyd gekanselleer word, anders sal 'n boete gehef en 'n deel van die deposito teruggehou, of die volle betaling verbeur word.

Die huurvoorwaardes bepaal dat die fasiliteit skoongemaak moet word voor 08:00 die volgende dag as daar 'n ander bespreking is. Indien die voorwaarde nie nagekom word nie, of daar slegs bolangs skoongemaak word, sal 'n boete soos bepaal in die tariewe gehef word, asook die werklike koste van die skoonmaak. Die volledige voorwaardes is beskikbaar waar die besprekings gedoen word en huurders moet hulself van die inhoud vergewis.

'n Huurder kan nie 'n saal onderverhuur nie en sal dit slegs vir die doel soos in sy aansoek aangedui, gebruik. Waar fooie terugbetaal word omdat geriewe nie gebruik word nie, en kennisgewing minstens 48 uur voor gebruik geskied, sal R20 plus 20% van die bedrag teruggehou, of die volle betaling verbeur word.

Geen artikel of amblement wat aan die raad behoort mag sonder die skriftelike toestemming van die beamppte in beheer uit die saal verwyder word nie.

Die verkoop van alkoholiese drank tydens danse sal slegs deur 'n gelisensieerde kroeg waargeneem mag word. 'n Afskrif van die lisensie moet aan die verhuurder voorsien word voor gebruik en moet ook opgeplak word in die saal tydens die funksie. Alle fasiliteite van die raad is ook rookvrye areas. Indien daar in die fasiliteit gerook is, sal die huurder die deposito verbeur en mag daar teen die verhuurder opgetree word in terme van die Wet op Beheer van Tabakprodukte van 1983, soos gewysig.

Danse mag nie later as 01:00 die daaropvolgende dag eindig nie. Die perseel mag nie later as 02:00 ontruim word nie. Na gelang van die voor- of afkeure van 'n gemeenskap, kan afsluiting vervroeg word.

Enige toesighoudende amptenaar van die raad behou

die reg om te eniger tyd tot enige funksie in die saal toegang te hê vir inspeksiedoeleindes.

Die huurder moet die saal skoonmaak en dit nie later nie as 08:00 (10:00 indien die fasiliteit nie bespreek is nie) die volgende dag in dieselfde toestand laat waarin hy dit ontvang het. Indien nie, sal 'n boete soos bepaal in die tariewe gehef word, asook die werklike koste verbonde aan die uitgawes.

Geen voertuie, behalwe munisipale, nood- en afleweringsvoertuie, sal op speelvelde toegelaat word nie.

'n Pleidooi word aan alle klubs en skole gerig om in vennootskap met die raad eienaarskap van fasiliteite te neem en toe te sien dat speeloppervlaktes nie oorbenut word nie. Klubs en skole moet ook beter kontrole oor hul toeskouers uitoefen om die oormatige strooi van vullis in die fasiliteite te beheer.



'n Nuwe paviljoen word tans in Zolani opgerig. Die munisipaliteit doen 'n beroep op die gemeenskap om sulke fasiliteite te laat in die toestand waarin hulle dit gekry het.

Please take note of the following lease conditions for the booking of municipal facilities within the Langeberg area.

No booking will be considered or confirmed before the completed application form and required amount or deposit have been received. Deposits or the full amount should be paid within 48 hours (two days) after making a booking.

When sports grounds are being used for sports, it is imperative that the booking be confirmed two days prior to the event, as municipal workers need to prepare the fields.

Even though the booking conditions permit 48 hours, it is imperative that clubs and schools book and confirm cricket matches at least a week in advance as the cricket pitch needs to be prepared in a specific manner for such matches.

The same applies to bookings for athletics.

In the event where bookings are cancelled, the cancellation should be done 48 hours prior to the

planned event. Non-compliance will result in a penalty where the deposit will be forfeited, or alternatively the full amount will be deducted by the Municipality.

Furthermore, the booking conditions state that the facility should be cleaned by the lessee before 08:00 the following day. Lessees are requested to ensure that the facilities are left in a neat and tidy condition as failure to comply will result in costs being deducted from the lessee. Lessees will be held responsible for damages to the facilities.

A lessee is not allowed to sub-let a hall and will use it specifically for the purpose as indicated in the application.

In cases where fees are reimbursed because of the non-use of facilities, the lessor will retain R20 plus 20% of the amount, alternatively the full amount will be forfeited.

No item or furniture of any nature belonging to Council may be removed from the hall without written consent from the official in control of the hall.

The sale of alcoholic beverages during dance parties will only be done by a licensed bar. A copy of the license must be handed to the lessor before any liquor may be sold on the premises and must be displayed in the hall during the function.

All facilities of Council are smoke-free areas. If it is established that smoking was permitted in the facility, the lessee will forfeit his deposit and legal action in terms of the provisions of the Tobacco Control Act of 1983, as amended, may be instituted.

Dances may not continue after 01:00 the following day. The premises must be vacated by not later than 02:00. Depending on the preferences of a community, the closure can be made earlier.

Any supervisory official of Council retains the right of admission at any time to any function in the hall

for reasons of inspection.

The lessee must clean the hall to the same standard in which it was received by not later than 08:00 (10:00 if the facility is not reserved) the following morning. Failing to do so, the lessee will be fined according to published tariffs as well as the actual cost for the Municipality to clean the hall.

No vehicles, with the exception of municipal, emergency and delivery vehicles, will be allowed on playing fields.

We'd like to appeal to all lessees to work together with Council to ensure that our facilities are kept in a well-maintained condition, and the playing surfaces are not being over-utilised.

Furthermore it is requested that schools and clubs ensure better control over spectators during matches to try and curb excessive littering during matches.



Topmatrieks gelukgewens

DIE Wes-Kaapse minister van kuns, kultuur en sport, dr. Ivan Meyer, het op 10 Maart 'n toekenningsgeleentheid gehou vir 16 matrieks in die Langeberg-streek wat in 2011 die beste in hul agt onderskeie skole presteer het.

Die geleentheid is in samewerking met die Langeberg Munisipaliteit en die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit by Outdoor Arena in Bonnievale gehou, waar sertifikate vir uitstaande akademiese prestasie, en 'n geskenksak, deur dr. Meyer, rdh. Diana Gagiano, uitvoerende burgemeester van die Langeberg Munisipaliteit, en rdl. Jansen, onderburge-

meester van die distriksmunisipaliteit, oorhandig is.

Meyer se boodskap was een van bemoediging vir die toekoms, dat harde werk in Suid-Afrika beloon word en studies belangrik is.

Gagiano het beklemtoon dat skoliere nou uit 'n beskermde omgewing beweeg na die "grootmens-wêreld" waar jy jou weg self moet baan. "Leef jou drome. Die pad na sukses is nie altyd maklik nie, maar beslis die moeite werd. Wees positief en onthou waar jy vandaan kom."

Die Ashton-mannekoor het almal trakteer met pragtige

Afrikaanse liedjies. Na 'n heerlike driegangmaaltyd het Jansen almal bedank wat bygedra het tot die sukses van die geleentheid.

Die genooies was: **Ashton Combined:** Andile Tom, Yoleka Walaza; **Ashton Secondary:** Elregan Papa, Madre Prins; **Hoërskool Bonnievale:** Erica Beukman, Martin Carstens; **Hoërskool Montagu:** Izaak van Zyl, Lauren Davids; **Langeberg Secondary:** Steve Jacobs, Lauren Brown; **Masakheke Combined:** Sisa Foloti, Njongo Yisa; **McGregor Waldorf:** Gerald Ramoabi, Bridget Savage.



Ubalo lwezindlu oluphelisa unaniselwano lwemalike

IZITYHOLO zokuba izindlu ze (RDP) zethengiswa ngokungekho mthethweni kwiimalike zabamnyama zizakuchotshelwa ngexesha lobalo lwezindlu zonke zeRDP kummandla kamasipala waseLangeberg.

UMnu Soyisile Mokweni, uMphathi kaMasipala waseLangeberg, uthi kukho amarhe okuba abafumani bezindlu zeRDP bayazithengisa izakhiwo malunga nama R500 000 inye. Isehlo esisodwa kuthiwa senzeke emva kwenyanga enye umzuzi wendlu esanda kuyinikwa indlu yakhe yeRDP eseMantla aseRobertson.

UMokweni uyagxininisa ukuba okukuthenga akukho mthethweni. Uyacacisa ngelithi izindlu zeRDP azibhaliswa ngabazuzi bazo zisephantsi komasipala. UMokweni uyaqhuba athi kukho amagatya amabini kwimvumelwano yezindlu anqanda abazuzi ekuthengiseni izindlu zabo.

Igatya lokuqala llimiswe liSebe lweNtlo yoLuntu kwaye linqanda ukuthengiswa kwezindlu zeRDP kwisithuba seminyaka esibhozo emva komhla wobhaliso lobunini.

Elingatya livumela umfaki sicelo ukuba afake isicelo kuMphathiswa wePhondo sokukhululwa.. Igatya lesibini njengoko limisiwe nguMasipala waseLangeberg, ngokuqinisekileyo siyakunqanda ukuthengiswa kwezindlu zeRDP. Abazuzi bangasifaka isicelo sokukhululwa kuMphathi kaMasipala, kodwa uMokweni uthi uza kusinika esisicelo xa isiqinisekiso sobugqina sokuba umfaki sicelo unesitye isakhiwo sokuhlala. "Oku kukukhusela ingxaki yeembacu ekwandeni."

UMokweni uthi abazuzi bezindlu zeRDP ngamahlwempu agqithisileyo kwaye baqhelile ukuhlala ezihokini. Uthi abantu amaxesha amanzi bakhetha ukuba neR500 000 ezipokothweni endaweni yendlu.

Um "santsa" wokufuneka kwezindlu uveza omnye umcelimgeni, uthi njengoko uluntu lomgangatho ophakathi kunye nabatyebileyo bencedwa ngabakhi abazimeleyo, ngethuba abona bantu bahluphekayo eMzantsi Afrika bencedwa ngurhulumente. Kodwa embindini kukho abantu bodidi olusebenzayo abeme kakuhle ngokwaneleyo ukungaxhomekeki kurhulumente, kodwa abatyebanga ngokwaneleyo ukuthenga izindlu. Uthe le yenza ingxaki ezindlini kwaye yenye yeembali ezikhokelela ekuthengiseni kwezindlu zeRDP kwimakethi yabamnyama.

UMokweni ulumkisele ukuba lenkqubo izakuphela. Yonke indlu yeRDP kuMasipala waseLangeberg izakubalwa kwaye akukhondlu izakudluliselwa kumzuzi de umasipala aqiniseke 100% ukuba ngumzuzi ofanelekileyo lo uhlala kulendlu.



We're going social!



THE Langeberg Municipality has entered the social media platform and joined both Facebook and Twitter.

This is another initiative to improve communication between the Municipality and the public, building better relationships through communication and keeping you informed.

The Municipality would like to encourage members of the public to join our Facebook group (Langeberg Municipality) and to follow us on Twitter (Langeberg_Muni).

Please take part in our discussions or tweet us with your ideas.

For more information in this regard, visit our website, www.langeberg.gov.za, or contact Ms M. Lekay or Ms S. Posthumus on 023 615 8028.

DIE Langeberg Munisipaliteit het twee van die mees gesogte platforms van sosiale media betree. Ons het by beide Facebook en Twitter aangesluit in 'n poging om kommunikasie te verbeter, verhoudinge te bou en die publiek ingelig te hou.

Graag moedig ons u aan om ons Facebook-groep (Langeberg Municipality) en ons op Twitter (Langeberg_Muni) te volg.

Neem deel aan besprekings en deel u idees met ons. Hierdie is nog 'n inisiatief van die munisipaliteit om beter met die gemeenskap te kommunikeer.

Vir meer inligting in dié verband, besoek ons webtuiste by www.langeberg.gov.za of kankantak me. M. Lekay of me. S. Posthumus by 023 615 8028.



Baie geluk aan tannie Baby Groenewald wat op 1 Maart 104 jaar oud geword het.

